

Laat staan die rusie



Hoekom baklei ons so baie? Dit lyk of ons mekaar net nie reg kan verstaan nie, en voor ons ons kan kry dan is ons woedend vir mekaar en sê mekaar sleg en breek mekaar af tot in die grond toe.

Het jy ook al ervaar dat iemand jou tot in jou diepste wese krenk en beledig terwyl jy werklik onskuldig is?

Wanneer alles goed gaan en almal presies eenders dink, is dit maklik om voor te gee dat jy 'n Christen is. Maar, wanneer mense verskillende standpunte oor sake het, kan dit soms gebeur dat hulle wat nog altyd deurgegaan het as baie eerbiedwaardige Christene, soos duiwels optree: Nie net deur te skree of te skel of krenkende woorde te gebruik nie, nie net deur woedend uit te stap nie, maar dikwels selfs met agterbakse optrede soos kwaadpraterij of verdraaiing van jou woorde om jou in onguns te bring.

Is daar 'n oplossing vir hierdie probleem? Hoe kan mense dit regkry om in vrede en harmonie met mekaar saam te lewe en verskille in standpunte te hanteer sonder om mekaar wil vermoor?"?

Daar is 'n oplossing. Spreuke 18:18 sê: Deur 'n beslissing van die Here te vra, kan rusies besleg en sterk mense uitmekaar gemaak word. God gee vir ons duidelike riglyne oor hoe ons sulke konflikte en botsings moet hanteer.

Die regte manier om verskil in standpunte te hanteer

In Efesiërs 4 gee die Here vir die wat hulleself aan Hom oorgegee het, vier goue reëls oor hoe om van mekaar te verskil:

Praat die waarheid

Beheers jou woede

Speel die bal en nie die man nie

Tree konstruktief op en moenie blindweg reageer nie.

Praat die waarheid

In vers 25 staan: Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat.... Dit beteken 'n mens moet jou standpunte eerlik en reguit stel.

Jy moet ook reguit met iemand van wie jy verskil, gaan praat en nie agter sy rug oor hom nie. Jesus het mos self gesê: As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is (Mat. 18:15).

Wanneer jy praat, moet jy nie jou ware motiewe verswyg nie. Sê reguit hoe jy oor 'n saak voel en dink. Baie mense haat mekaar en maak vreeslik rusie omdat hulle mekaar nie verstaan nie, omdat hulle nooit regtig eerlik vir mekaar gesê het hoe voel hulle oor 'n saak nie.

Beheers jou woede

As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel 'n vatkans gee nie. (Ef 4:26).

Daar is niks wat gesprek en kommunikasie so beduiwel as wanneer mense hulle humeur verloor of met opgekropte woede sit nie. Woede is op sigself nie sonde nie. Woede en kwaadword is soos atoomkrag. Dit kan beheers word en dan op baie heilsame en produktiewe maniere aangewend word. Maar dit kan ook ontplof en dan vernietigende skade doen.

As jy 'n baie sensitiewe saak met iemand moet gaan bespreek, moet jy eers bid om die Heilige Gees se vrug van selfbeheersing. (Gal 5:22)

Jy moet woede ook nie opkrop nie, want dan gis dit. Dit is wat dit beteken as daar staan dat jy nie met opgekropte woede aan die duiwel 'n vatkans moet gee nie.

Speel die bal en nie die man nie

Vuil taal moet daar nooit uit jou mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom (Ef.4: 29)

Twee mense begin soms oor 'n saak praat waaroor hulle albei sterk voel maar verskillende insigte het. Sodra die een iets sê wat die ander nie van hou nie, sê hy: "Ag, ek wens jy wil nie so onnosel wees nie." Onmiddellik reageer die tweede een: "Noen jy my onnosel? Jy is sieklik beteweterig en hoogmoedig!" Hierna gaan hulle so voort om mekaar te beledig en te krenk dat hulle nie eers meer mooi kan onthou waaroor hulle wou praat nie. Daar staan nogal treffend in Spreuke 15:1, 2 'n Sagte antwoord laat die woede bedaar,- 'n krenkende woord laat woede ontvlam.

Iemand het een keer vir my baie wyse raad gegee Hy sê wanneer jy sensitiewe probleme bespreek moet jy probeer om so min as moontlik (of glad nie) die woorde jy en jou te gebruik nie. Gebruik eerder die woorde: ek; of my of ons. Dan word jy gedwing om oor die saak te praat en jou eie gevoelens eerlik te openbaar en nie die ander persoon aan te val of te krenk nie.

Luister, luister, luister.....

As jy hierdie gesindheid aanleer sal jy ook leer om baie goed te luister en te verstaan voor jy jou opinie oor 'n saak gee. Daar staan baie treffend in Jakobus 2:19:elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en nie te gou kwaad te word nie. In

Spreuke 18:1 3 word dieselfde saak op 'n ander manier aangesny: Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in die skande.

Doen iets positiefs; moenie sommer net blindweg reageer nie.

Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie, moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar, soos God julle ook in Christus vergewe het. (Ef. 4:31 ,32)

Wanneer ek werklik met die gesindheid van Christus teenoor ander mense optree, dan kan ek vergewe en goed doen selfs aan my vyande. Daarom sê Paulus in Romeine 12:20: *As jou vyand dan honger is, gee hom iets om te eet, as hy dors het gee hom iets om te drink...*

Jesus het dit nog sterker gestel. Hy sê as ons liefde bewys aan die wat vir ons lief en goed is, is ons niks beter as 'n ongelowige tollenaar nie. Hulle bewys ook liefde aan die wat vir hulle goed en gaaf is. Maar ons bewys dat ons kinders van God is, juis as ons aan ons vyande liefde betoon: "Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir die wat julle vervol, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel." Met ander woorde, wanneer jy juis aan jou vyande liefde bewys, wys jy vir hulle iets van God se ontfermende liefde. Dan is jy werklik 'n ambassadeur van God die Vader.

Kom ek vra nou vir jou: Daardie irriterende persoon, of daardie een wat jou soveel onreg aangedoen het, teenoor wie jy nou nog bitterheid in jou hart voel, het jy al vir hom of haar sommer net gaan kuier? Het jy al vir hom of haar sommer net 'n geskenkie gegee? Het jy hulle al na jou huis genooi vir 'n ete of 'n koppie tee? Het jy al wanneer hulle nood het, uit jou pad gegaan om hulle te help met iets?

En ontsettend belangrik: Het jy al teenoor daardie vyand opregte waardering uitgespreek? Dikwels is minderwaardige mense so irriterend omdat hulle in hulle binneste allerhande vrese en gevoelens van verwerping het. As jy maar genoeg oplet, sal jy tog ook in sy lewe iets kry waarvoor jy erkenning en waardering kan betuig.

SOOS DIE DUIWEL OF SOOS CHRISTUS?

As jy jou konflikte probeer oplos deur aan te val, te blameer en te beskuldig, jou vyande met woorde of optrede te krenk en jouself te wreek en te laat geld, het jy die manier van die duivel verkies. Dan kan jy dalk argumente wen, maar jy het mense vir altyd verloor. In 1 Petrus 2:20 staan: ...om lyding te verdra wanneer julle goed doen is genade van

God. Juis hiervoor is julle geroep, omdat Christus self vir julle gely het en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. Toe Hy beledig is, het hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.

Maar onthou: Jy kan sulke werklike konkrete en opofferende liefde net in jou hart hê as jy God se ontferming aanvaar het en jouself aan Hom oorgegee het. Dit is 'n kenmerk van God se teenwoordigheid in ons lewens, want Romeine 5:1 sê dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

In die ouer vertaling van Romeine 12:20 staan dal ons vurige kole op die kwaad (waarvan in vers 21 gepraat word) se kop ophoop as ons vir vyand iets gee om te eet of te drink wanneer hy honger of dors is.

Dit is die beeld uit die destydse leefwêreld wat gebruik word. As die vyand 'n stad wou binnekome het hulle met groot stormramme na die muur toe aangehardloop gekom en probeer om 'n gat daarin te slaan. Die beste manier om so 'n aanslag af te weer was dan om vuurwarm kole van bo af op die vyande se koppe af te gooi. Dit het hulle aanval effektief gestuit.

Wanneer ons die kwaad met goed oorwin, sal on: die duivel - wat die oorsprong van alle kwaad is - s verskriklike aanslag teen ons effektief stuit. As on soos daar in Gal 6:9 staan, aanhou met goed doen sonder om moedeloos te word, word vurige kole op die satan se kop neergewerp en dan moet hy voorlopig eers op die vlug slaan. Maar as ons toegee aan bitterheid en die begeerte om wraak te neem bevredig, kom daar naderhand bloedvergieting en vernietiging en dood. En dan klink daar 'n spotlag uit die hel uit op, want Jesus het gesê die duivel is die mensemoordenaar van die begin af.

Met dade van liefde teenoor vyande kan ons hulle moontlik selfs vir die Here wen. Ek het gehoor van 'n vrou wat met liefde en daadwerklike getuieis die instrument was om 'n alkoholis wat haar kind doodgery het, tot bekering te laat kom. Om so iets reg te kry is baie moeilik. Eintlik is dit onmoontlik tensy dit begin met 'n offer.

OFFER JOUSELF EERS AAN GOD

Paulus skryf in Romeine 12:16-21 oor die eensgesindheid wat mense van die Here kan en moet ervaar. Maar dan begin hy eers in Romeine 12:1, 2 om die diepste geheim van hierdie eensgesindheid uit te spel: Dit is dat 'n mens die ontferming van God moet leer ken. Ons kan die hart

van die hele Christelike godsdiens saamvat met hierdie een enkele woord: God se ontferming.

As dit nie daarvoor was nie sou nie een van ons nog hier gewees het nie.

God se ontferming beteken neerbuigende genade. Dit is dat Hy ons wat sy vyand was, wat verdien het om vir ewig verdoem en vervloek en vernietig te word, innig jammer gekry het. Dat Hy ons so liefgehad het dat Hy sy kosbaarste besitting, sy enigste Seun wat Hy innig liefgehad het met ewige liefde, prysgegee het om 'n verskriklike dood aan 'n vloekhout te sterf in ons plek.

As jy hierdie ontferming van die almagtige God leer ken het en aanvaar het, dan gryp dit jou in die hart. Dit bring jou tot 'n totale oorgawe aan Hom. Daarom het Paulus beveel: "Ek dring by julle aan op grond van die ontferming van God: Gee julleself aan God as heilige lewende offers".

Dit is wat bekering werklik beteken: Om jouself uit dankbaarheid en met vrymoedige vertroue aan God oor te gee en dan jou hele lewe; jou denke en jou dade al meer geheel en al in te rig volgens sy wil in sy Woord.

Dit is die diepste geheim daarvan om konflikte op te los. Wanneer jou hart so vol is van God se ontferming, wanneer jy met absolute sekerheid weet dat die Here jou lief het en in die haglikste omstandighede vir jou sorg, dan alleen kan jy dit regkry om nie jouself te wil wreek op die wat jou krenk en beledig en vervol en seermaak nie. Dan kan jy dit regkry om - soos dit in Romeine 12:19 staan - nie self wraak te neem nie. maar dit oor te laat aan die oordeel van God.

Naskrif: Wil jy nie ook hierdie pamflet aan die ander party gee om te lees nie?



Publikasie
Publication



Nr./No.: E52